

Korporatiewe bestuur: Ondersteun en beskerm waarde



VERKLARING OOR KORPORATIEWE BESTUUR

“Die NWU is verbind tot die beginsels van dissipline, deursigtigheid, onafhanklikheid, aanspreeklikheid, verantwoordelikheid, regverdigheid en maatskaplike verantwoordelikheid, soos voorgestaan in die King IV-verslag.

“Gevollik onderskryf die Raad die Praktyk- en Gedragskode en die Kode vir Etiese Gedrag en Praktyk soos uiteengesit in King IV, en het die Raad dit gedurende die oorsigtydperk nougeset toegepas. Deur hierdie kodes te ondersteun, erken die Raad dat dit nodig is om die besigheid van die NWU met integriteit en in ooreenstemming met algemeen aanvaarde goeie praktyke te bedryf.

“Die monitering van die NWU se voldoening aan hierdie kodes vorm deel van die mandaat van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee.

“Daar is 'n duidelike onderskeid tussen die rolle en verantwoordelikhede van die raadsvoorsitter en dié van die visekanselier.”

Goedkeuring vir die verklaring van die NWU-Raad is op 17 Junie 2021 verkry.



Die rol en funksie van die Raad en sy komitees

As oorhoofse rentmeester van goeie korporatiewe bestuur, neem die NWU-Raad sy toesighoudende en leidinggewende rol ernstig op. Ons vervul hierdie taak deur strategie te bepaal, die versekering van behoorlike korporatiewe bestuur, die dryf van nakoming en risikobestuur, en monitering van die wesenlike aktiwiteite van die universiteit. Die bedoeling is om 'n stewige grondslag te lê vir die skep van waarde, langtermyn groei en volhoubaarheid.

Ons tree op in ooreenstemming met die bepalings van die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-statuut wat op 8 Mei 2020 hersien en gepubliseer is.

Vir die oorsigtydperk het die NWU voortgegaan om te hou by hoë korporatiewebestuurstandaarde terwyl 'n waardegedrewe korporatiewebestuurstandaard geskep word.

Die samestelling van ons Raad is in ooreenstemming met die riglyne van die Wet op Hoër Onderwys en die universiteit se Statuut.

Van die 30 Raadslede is 60% ekstern en 40% intern, wat onafhanklikheid in die korporatiewebestuursomgewing verseker.

Raadslede wat ekstern verkies of aangewys word		Raadslede wat intern verkies of aangewys word	
Ministeriële aanstellings	5	Bestuur: visekanselier en adjunkhoof	2
Donateurs	3	Senaat	3
Konvokasie	4	Akademie personeel	2
Gemeenskapsleiers	3	Ondersteuningspersoneel	2
Spesifieke kundigheid	3	Verteenwoordigende Studenteraad	3
Totaal	18		12